

Vertroulik



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

MEI/JUNIE 2025

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit:

AFDELING A (25)
AFDELING B (75)
AFDELING C (50)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. MOENIE in die regterkantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
6. Laat 'n reël oop ná ELKE subvraag.
7. Daar word gewoonlik een punt per feit toegeken; 'n 2 punt-vraag sal dus TWEE feite vereis, ens.
8. Lees die vrae aandagtig deur. MOENIE meer antwoorde gee as wat die vraag vereis nie aangesien dit NIE nagesien sal word NIE.
9. Alle antwoorde MOET met Rekenaartoepassingstegnologie verband hou.
10. Tensy dit anders gespesifiseer word, sal antwoorde soos 'goedkoper', 'stadiger/vinniger', ens. NIE aanvaar word NIE.
11. MOENIE handelsname in jou antwoorde gebruik NIE, tensy dit spesifiek vereis word.
12. Skryf netjies en leesbaar. ...

AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1 tot 1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.11 D.

- 1.1 Watter EEN van die volgende lêeruitbreidings word gebruik wanneer databasislêers gestoor word?
- A .docx
 - B .accdb
 - C .xlsx
 - D .html
- (1)
- 1.2 Watter komponent verskaf laai-instruksies wanneer die rekenaar aangeskakel word?
- A SVE ('CPU')
 - B ETG ('RAM')
 - C LAG ('ROM')
 - D VTA ('SSD')
- (1)
- 1.3 'n Tipe netwerkkonneksie tussen 'n slimhorlosie en 'n slimfoon:
- A LAN
 - B WAN
 - C PAN
 - D WLAN
- (1)
- 1.4 Die 's' in HTTPs in 'n URL dui ...
- A 'n standaarduitleg vir webtuistes aan.
 - B aan dat 'n webtuiste veiliger is.
 - C 'n vinniger oplaai-/aflaaispoed aan.
 - D aan dat 'n webtuiste in eenvoudige teksformaat is.
- (1)
- 1.5 Identifiseer die attribuut wat in die laaste ry van die HTML-tabel hieronder gebruik is:

Day	Times
Mon-Thur	08:30 to 18:30
Fri-Sun	09:00 to 16:30
25 December: Closed	

- A Rystrekking ('Rowspan')
 - B Selspasiëring ('Cell spacing')
 - C Kolomstrekking ('Colspan')
 - D Selafwerking ('Cell padding')
- (1)

- 1.6 Wat is die hoofdoel van 'n internetdiensverskaffer (IDV)?
- A Om webblaaiers te verskaf
 - B Om internettoegang te verskaf
 - C Om internetsoektogte te verskaf
 - D Om webblaaiergeskiedenis te verskaf (1)
- 1.7 Die doel van OKH('OCR')-sagteware is om ...
- A teks en strepieskodes te skandeer.
 - B teks om te skakel om klank te speel.
 - C teks en lêers saam te pers.
 - D teks te herken en te versyfer ('digitise'). (1)
- 1.8 'n Simulasie van menslike denke en die nabootsing van menslike aksies:
- A Virtuele realiteit (VR)
 - B Kunsmatige intelligensie (KI/'AI')
 - C Aangepaste realiteit (AR)
 - D Vierde Industriële Revolusie (4IR) (1)
- 1.9 Die taakdefinisie sluit NIE 'n ... in NIE.
- A kort bespreking van die onderwerp en doel
 - B kort inleiding oor die huidige situasie
 - C beskrywing van die spesifieke teikengehoor
 - D gedetailleerde oplossings van die gegewe probleem (1)
- 1.10 Watter funksie sal die totale prys van AL die hardebandromans ('hardcover romance books') bepaal?

	C	D	E	F	G
	Genre Genre	No. of pages Aantal bladsye	Rating Gradering	Format Formaat	Price Prys
8					
9	Romance	206	2	Hardcover	R354.00
10	Fiction	643	4	Audiobook	R353.00
11	Romance	914	5	Audiobook	R284.00
12	Fiction	484	2	Hardcover	R384.00
13	Fiction	839	3	Ebook	R330.00
14	Non-Fiction	173	1	Hardcover	R394.00
15	Science Fiction	802	4	Audiobook	R381.00
16	Romance	217	5	Hardcover	R425.00

- A =SUMIFS(G9:G16,"Romance", F9:F16,"Hardcover")
 - B =SUMIFS(G9:G16,C9:C16,"Romance", F9:F16,"Hardcover")
 - C =SUMIFS(G9:G16,D9:D16,"Romance", F9:F16,"Hardcover")
 - D =SUMIFS(G9:G16,C9:C16,Romance, F9:F16,Hardcover) (1)
- [10]**

VRAAG 2: PASITEMS

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–T) langs die vraagnommers (2.1 tot 2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.11 U.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	'n Gekabelde internetkonneksie	A	WiMAX
2.2	'n Toestel wat rekenaars in 'n netwerk aan die internet koppel	B	inligtingsoorlading
2.3	Verdeel die bladsye in 'n woordverwerkingsdokument om verskillend geformateer te word	C	seksiebreuk ('section break')
2.4	'n Toestel wat in staat is om toegang tot areas te verkry wat te moeilik of gevaarlik is vir mense om te bereik	D	hommeltuig ('drone')
2.5	'n Verifikasie wat gebruik word om tussen mense en botte te onderskei	E	uitvissing ('phishing')
2.6	'n Bewerkingsteken wat 'n 'TRUE'-resultaat stuur wanneer enige een van die twee kriteria waar is	F	CAPTCHA
2.7	Sagteware wat opdateer en veelvuldige foute in toepassings regmaak	G	regstelling ('patch')
2.8	Wanneer groot hoeveelhede data uitdagend vir 'n persoon is om te verwerk	H	roeteerder ('router')
2.9	'n Metode wat elke karakter wat 'n gebruiker invoer, sonder hulle toestemming vaslê	I	bladsybreuk ('page break')
2.10	Verifiëring van inligting met ander bronne	J	groot data ('big data')
		K	akkuraatheid
		L	VR-helm
		M	OR
		N	OTG ('OTP')
		O	AND
		P	ADSL
		Q	dienspakket ('service pack')
		R	sleutelvaslegging ('keylogging')
		S	NKK ('NIC')
		T	aktualiteit ('currency')

(10 x 1)

[10]

VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1 tot 3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Indien die stelling ONWAAR is, verander die onderstreepte woord(e) om die stelling WAAR te maak. (MOENIE slegs die woord 'NIE' gebruik om die stelling te verander NIE.)

GEEN punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR geskryf word nie.

VOORBEELDE:

VRAAG	ANTWOORD
'n <u>Stilus</u> kan gebruik word vir meer akkurate toevoer op sommige raakskerms.	Waar
'n <u>Klankkaart</u> het gleuwe vir hardewarekomponente soos die SVE.	Onwaar, moederbord

- 3.1 'n Verslag in 'n databasis verskaf 'n gebruikersvriendelike uitleg om datavaslegging makliker te maak. (1)
- 3.2 Konvergensie is die kombinerings van twee of meer tegnologieë in 'n enkele toestel. (1)
- 3.3 VDoS ('DDoS') is elektroniese gemorspos. (1)
- 3.4 Die kortpad Ctrl + V word gewoonlik gebruik om teks wat die gebruiker gekopieer of geknip het, te plak. (1)
- 3.5 Data is inligting wat geïnterpreteer en geanaliseer word wat insig in beter besluitneming gee. (1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

4.1 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bekendstelling van die All-New StellarX Pro-tafelrekenaar

- ★ Intel Core i9-12900K 12-kern-verwerker
- ★ NVIDIA GPU GeForce RTX 4090 24 GB GDDR6X
- ★ 64 GB DDR5 ETG ('RAM')
- ★ 2 TB-VTA ('SSD') + 4 TB HDD
- ★ Wi-Fi 6E, Bluetooth 5.2
- ★ USB 4.0, HDMI 2.1, DisplayPort 1.4
- ★ Windows 11 Pro
- ★ AVG-antivirussagteware
- ★ Adobe-toetsagteware
- ★ MS Office 365



- 4.1.1 Gee die grootte van die geheue wat deur die SVE gebruik word. (1)
- 4.1.2 Noem die nutsprogram-sagteware wat in die advertensie gevind word. (1)
- 4.1.3 Waarom sou jy eerder die Bluetooth-konneksie as die Wi-Fi-konneksie vir die koppeling van toestelle gebruik?
- Gee EEN voorbeeld van 'n Bluetooth-toestel wat saam met die tafelrekenaar hierbo gebruik kan word. (2)
- 4.1.4 Noem TWEE voordele daaraan om 'n VTA ('SSD') van 2 TB en 'n HDD van 4 TB te hê. (2)
- 4.1.5 Verduidelik TWEE aanpasbaarheidskwessies wat kan ontstaan wanneer 'n gebruiker wat MS Office 2013 gebruik 'n woordverwerkingsdokument ontvang wat in MS Office 365 geskep is. (2)
- 4.2 Onderskei tussen *stelselsagteware* en *toepassingsagteware*. (2)
- 4.3 Definieer die term *perseëllisensie*. (1)
- 4.4 Noem TWEE doelwitte van die gebruik van aktiveringskodes in sagteware-installerings. (2)
- 4.5 Noem TWEE voordele van die gebruik van 'n HDMI-kabel eerder as 'n VGA-kabel. (2)
- 4.6 Gee TWEE spesifikasies wat die kwaliteit van 'n monitor bepaal. (2)
- 4.7 Noem TWEE beperkings van 'n 3D-drukker. (2)

- 4.8 Verduidelik *multitaakverwerking* in 'n bedryfstelsel. (1)
- 4.9 Verduidelik wat met 'n *toegewyde toestel* bedoel word. (1)
- 4.10 Maatskappye gebruik VR('QR')-kodes om klante in staat te stel om aan hulle webtuistes te koppel.
- 4.10.1 Gee TWEE redes waarom dit vir 'n maatskappy voordelig is. (2)
- 4.10.2 Noem TWEE beperkings vir klante wanneer hulle VR('QR')-kodes gebruik. (2)
- [25]**

VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

- 5.1 Noem TWEE toestelle, buiten rekenaars, wat in 'n netwerk gedeel kan word. (2)
- 5.2 Noem TWEE verskille tussen 'n *intranet* en die *internet*. (2)
- 5.3 Stel TWEE maniere voor waarop veseloptiese netwerke data-oordragspoed verbeter. (2)
- 5.4 Gee TWEE voorbeelde van dienste wat die regering oor die internet verskaf. (2)
- 5.5 Gee EEN rede vir die gebruik van die boekmerk('bookmark')-eienskap in 'n webblaaier. (1)
- 5.6 E-pos word algemeen as 'n vorm van kommunikasie gebruik.
- 5.6.1 Waarom sou jy Bcc in plaas van Cc in 'n e-pos gebruik? (1)
- 5.6.2 Waarom sou jy eerder 'n e-pos aanstuur ('forward') as om die e-pos te beantwoord ('reply')? (1)
- 5.6.3 Gee TWEE redes waarom mense verkies om 'n webgebaseerde e-posstelsel te gebruik. (2)
- 5.7 Graad 12-klasse word uitgesaai sodat leerders hulle werk kan hersien.
- Verduidelik TWEE verskille tussen 'n *videosending* ('vodcast') en *intydse stroming* ('real-time streaming'). (2)

[15]

VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

- 6.1 Wat is die doel van 'n fokusvraag in 'n navorsingstaak? (1)
- 6.2 Noem EEN bron, buiten gedrukte media, wat gebruik kan word om data in te samel. (1)
- 6.3 Baie leerders pleeg plagiaat met inligting vanaf die internet vir hulle navorsingstake.
Definieer die term *plagiat*. (2)
- 6.4 Noem TWEE maniere waarop 'n databasis gebruik kan word om data te analiseer en te verwerk. (2)
- 6.5 Dit is belangrik om verskillende vlakke en tipes vrae te gebruik wanneer vrae gedurende navorsing geformuleer word.
- 6.5.1 Verduidelik TWEE maniere om partydigheid ('bias') te vermy wanneer vrae tydens 'n opname gevra word. (2)
- 6.5.2 Stel TWEE maniere voor waarop vrae wat met 'Hoeveel?' begin, gedurende die analisefase van die PAT kan help. (2)

[10]

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

- 7.1 Noem EEN manier om op 'n verantwoordelike wyse van rekenaartoestelle ontslae te raak. (1)
- 7.2 Die gebruik van IKT het die wêreld waarin ons leef, betekenisvol verander.
Identifiseer TWEE negatiewe effekte wat IKT op mense in die samelewing het. (2)
- 7.3 Noem EEN manier waarop herhalende ooreisingsbeserings voorkom kan word. (1)
- 7.4 Verduidelik TWEE maniere waarop 'n werknemer deur telependel bevoordeel word. (2)
- 7.5 Gee TWEE redes waarom die opdatering van sagteware op 'n toestel vir 'n gebruiker voordelig is, behalwe om foute reg te maak. (2)
- 7.6 Noem EEN voordeel en EEN nadeel van die gebruik van kriptogeldeenheid ('cryptocurrency') deur 'n besigheid. (2)

[10]


VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING

8.1 Watter verslagesienskap in 'n databasis kan gebruik word om inligting per kategorie te vertoon? (1)

8.2 Verduidelik waarom jy die opsoekhulpprogram ('lookup wizard') in 'n databasistabel sal gebruik. (1)

8.3 Noem TWEE woordverwerkingeienskappe wat gebruikers in staat stel om in dieselfde dokument van een plek na 'n volgende te beweeg. (2)

8.4 Die gekoppelde objek hieronder is in 'n woordverweringsdokument geskep.




Gee TWEE redes waarom jy gekoppelde objekte sou gebruik. (2)

8.5 Die volgende foutboodskap verskyn wanneer 'n sigbladlêer oopgemaak word:

'There are one or more circular references ...'


Wat veroorsaak hierdie fout? (1)

8.6 In die VLOOKUP-funksie kan die argument *Range_lookup* 'True' of 'False' aanvaar.



Verduidelik wanneer 'True' en 'False' in 'n opsoekreeks ('Range_lookup') gebruik sou word. (2)

8.7 Bestudeer die onvolledige HTML-kode aan die linkerkant en die ooreenstemmende webblad aan die regterkant in die voorbeeld hieronder.

HTML code	Web page
<pre> <html> <head> <title> Membership </title> </head> <body bgcolor = "bisque"> <h1> Membership </h1> <hr/> Operating hours <ul type = "circle"> Mon-Thurs: 08:30 to 18:30 Fri-Sun: 09:30 to 17:30 25 December: Closed </body> </html> </pre>	

- 8.7.1 Gee enige TWEE ontbrekende merkers in die HTML-kode wat die vertoon sal beïnvloed. (2)
 - 8.7.2 Gee DRIE redes waarom die prent NIE in die webblad sal vertoon NIE. (3)
 - 8.7.3 Watter attribuut kan by die HTML-kode ingesluit word om die woorde 'The Zoo' te vertoon indien die prent nie vertoon nie? (1)
- [15]**

TOTAAL AFDELING B: 75

AFDELING C**VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO**

Die skool se verkiesingspan organiseer 'n VRL(Verteenwoordigende Raad van Leerders)-verkiesing deur 'n elektroniese verkiesingstelsel te gebruik. Kandidate moet verskillende IKT-hulpmiddels vir die veldtog gebruik. Kiesers sal stem deur toestelle te gebruik wat aan 'n netwerk gekoppel is en hierdie stemme sal na 'n gesentraliseerde bediener oorgeplaas word.

- 9.1 Die kandidate wat hulself vir die verkiesing beskikbaar stel, kan IKT's vir hulle veldtogte gebruik.
- 9.1.1 Identifiseer en verduidelik EEN manier waarop kandidate IKT's kan gebruik. (2)
- 9.1.2 Bespreek TWEE maniere waarop kandidate kan voorkom dat hulle slagoffers van sosiale manipulasie word. (2)
- 9.1.3 Verduidelik die konsep van 'n *digitale voetspoor* en die impak daarvan wanneer kandidate hulle veldtogte aanlyn voer. (2)
- 9.2 Die skool sal hierdie elektroniese verkiesingstelsel vir die eerste keer implementeer en moet verskeie aspekte in ag neem.
- 9.2.1 Verduidelik TWEE voordele van die gebruik van 'n elektroniese verkiesingstelsel in plaas van 'n tradisionele papier-gebaseerde stelsel. (2)
- 9.2.2 Hoe kan die skool seker maak dat die elektroniese verkiesing vir leerders met verskillende fisiese gestremdhede toeganklik is? (2)
- 9.2.3 Bespreek EEN hardewarekwessie wat die skool met gebruik van die elektroniese verkiesingstelsel kan ondervind en stel 'n oplossing voor om dit te oorkom. (2)
- 9.3 Die skoolverkiesingspan wil seker maak dat die netwerk en verkiesingsdata teen ongemagtigde persone beveilig is.
- Bespreek TWEE maniere waarop die netwerksekuriteit deur die skool verbeter kan word. (2)
- 9.4 Die skoolverkiesingspan sal hulp by kundiges in spesifieke IKT-velde vra.
- Verduidelik TWEE IKT-verwante take wat 'n spanlid gedurende hierdie proses kan uitvoer. (2)

- 9.5 Kiesers sal 'n databasisvorm gebruik om vir hulle gunsteling kandidaat te stem. Verbeteringe moet aan die databasisvorm aangebring word.

The screenshot shows a web form titled "RCL election form". It contains several input fields: "Learner Code" (with value 00952), "Name and Surname" (with value Magnolia Autumn), "Date of voting" (empty), and "Position" (with value D). A "Microsoft Access" error dialog box is overlaid on the form, displaying a warning icon and the message: "Only enter a C for Chairperson, S for Secretary, T for Treasurer". The dialog box has "OK" and "Help" buttons.

- 9.5.1 Kiesers mag slegs een keer stem.

Hoe kan die span seker maak dat kiesers slegs een keer stem deur die *Learner Code* te gebruik? (1)

- 9.5.2 'n Teksblokkie is gebruik sodat die kiesers die kandidaat se naam en van kan invoer.

Stel nog 'n kontrole voor waarin kandidate se name en vanne, sonder enige spelfoute, deur kiesers ingevoer kan word.

Motiveer jou keuse van hierdie kontrole. (2)

- 9.5.3 'n Foutboodskap sal vertoon word wanneer 'n kieser verkeerde data in die *Position*-veld invoer.

Gee die valideringsreël wat gebruik is om die foutboodskap te vertoon wat in die skermkoot hierbo verskyn. (2)


- 9.6 Ná die verkiesing sal die data uit die databasis vir analise na 'n sigblad uitgevoer word.
- 9.6.1 Watter sigbladeienskap kan gebruik word om die totale aantal stemme vir elke kandidaat te bepaal? (1)
- 9.6.2 Gee EEN rede waarom 'n grafiek vir terugvoering van uitslae geskik sal wees. (1)
- 9.7 Die verkiesinguitslae sal op die skool se webtuiste gepubliseer word.
- Stel TWEE uitlegfaktore voor om in ag te neem wanneer die webblad ontwerp word. (2)
- [25]**

VRAAG 10: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

Sanele is die eienaar van 'n klein plaaslike restaurant, Snack Shack. Klante kan aansit- of wegneemetes via die Snack Shack-toep bestel.

- 10.1 Die kelner is seker dat die strepieskodeskandeerder werk, maar dit skandeer nie die strepieskodes nie.
- 10.1.1 Noem TWEE ander toevoertoestelle wat in plaas van die strepieskodeskandeerder gebruik kan word. (2)
- 10.1.2 Stel TWEE foutopspringaksies voor om te bepaal hoekom die strepieskodeskandeerder nie skandeer nie. (2)
- 10.2 Klante kan die Snack Shack-toep op hulle slimfone aflaai en installeer.
- 10.2.1 Die klante wil nie hulle eie data gebruik nie, want dit is beperk ('capped').
- Wat word met die term *beperk ('capped')* bedoel? (2)
- 10.2.2 Sommige klante se slimfone het nie genoeg stoor spasie nie.
- Stel TWEE maniere voor om die probleem op te los. (2)
- 10.3 Sanele het 'n kitstoegangspunt ('hotspot') vir sy klante geskep om te gebruik terwyl hulle by die Snack Shack is.
- Noem TWEE probleme wat klante kan ervaar terwyl hulle die kitstoegangspunt gebruik. (2)
- 10.4 Sanele moet rekord hou van die restaurant se inligting en bankstate.
- 10.4.1 Gee TWEE redes waarom Sanele outomatiese rugsteunkopieë moet maak. (2)
- 10.4.2 Noem TWEE riglyne om in ag te neem wanneer rugsteunkopieë gemaak word. (2)
- 10.5 Die plaaslike restauranteienaars het 'n maandelikse videokonferensie om goeie praktyke en uitdagings te bespreek.
- Noem TWEE voordele van die gebruik van videokonferensies vir hierdie doel. (2)

10.6 'n Sigblad word gebruik om kwotasies ('quotes') vir spesiale geleenthede te skep.

	A	B	C	D	E	F
1	QUOTE					
2						
3						
4						
5						
6	Name:	Tommy Jones				
7	Order No.:	SS002/25				
8	Order Date:	2025-05-22				
9	Order Time:	08:35:20				
10	Requested Date:	2025-08-17				
11	Customers must accept the quote within 7 days of the quote date					
12						
	Item	Quantity		Unit Price		Total
13						
14	Chocolate milkshake	15		R 28.00	R	420.00
15	Cheese burger	15		R 45.00	R	675.00
16	Ribs & Steak combo	2		R 110.00	R	220.00
17	<i>Thank you!</i>				TOTAL	=SUM(F14:F15)
18					VAT %	=F17*0.15
19					GRAND TOTAL	=SUM(F17:F18)
20						

10.6.1 Watter sigbladeienskap is in **selle A1:C5** gebruik? (1)

10.6.2 Die funksie in **sel F17** is korrek, maar gee 'n verkeerde antwoord wanneer die totaal bereken word.

Verduidelik waarom die antwoord verkeerd sal wees en verskaf die oplossing. (2)

10.6.3 Klante moet die kwotasie binne sewe dae vanaf die kwotasiedatum aanvaar.

Herskryf die funksie sodat dit die afsnydatum waarop die klant die kwotasie moet aanvaar, sal vertoon.

=DATE(YEAR(B10),MONTH(B10)),DAY(B10)) (1)

10.7 Sanele het 'n nuwe drukker gekoop om die kwotasies vir sy klante te druk.

10.7.1 Hy kon outomaties druk sodra die drukker ingeprop is.

Gee die term wat gebruik word om die outomatiese konfigurering van die drukker te beskryf. (1)

10.7.2 Stel TWEE maniere voor waarop die Snack Shack ink kan spaar wanneer die kwotasies gedruk word. (2)

10.8 Die Snack Shack het 'n kompetisie vir klante wat meer as R200 spandeer.

<h3>Competition form/Kompetisievorm</h3>											
<p>Complete the form if you spent more than R200! Voltooi die vorm as jy meer as R200 spandeer het!</p>											
Name/Naam: _____	Date/Datum: _____										
Contact number/Kontaknommer: _____	<table border="1" style="display: inline-table;"><tr><td> </td><td> </td><td> </td><td> </td><td> </td><td> </td><td> </td><td> </td><td> </td><td> </td></tr></table>										
Surname/Van: _____											

Gee TWEE moontlike uitlegfoute op hierdie vorm.

(2)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

MEI/JUNIE 2025

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.

VOORSTELLE EN AANBEVELINGS VIR NASIENERS

- Verwys dikwels terug na die vrae en die nasienriglyne gedurende die nasiensessie.
- Dit is raadsaam om die vrae gereeld te lees (en te herlees) tesame met die kandidaat se antwoord om na te gaan dat dit ooreenstem, sodat u nie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. As jy twyfel, lees die hele antwoord, dan die vraag in die vraestel en die antwoord in die nasienriglyne.
 - Vra jousef of jou senior nasiener of die antwoord by die nasienriglyne kan 'pas' voordat die korrekte punte aan die kandidaat toegeken word.
 - Aanvaar korrekte antwoorde wat anders uitgedruk word, bv. die nasienriglyne noem 'stadig' en die leerder antwoord 'nie vinnig nie'.
- Wees versigtig vir oorvleuelende antwoorde op 'n spesifieke vraag. In die algemeen word EEN punt per feit toegeken.
- Moenie antwoorde vir die kandidaat kies nie. Waar 'n vraag vereis dat die kandidaat moet LYS of NOEM, sien die eerste getal antwoorde/feite wat vereis word na, bv. die eerste TWEE feite as 'n kandidaat 'n lys van VYF gee wanneer slegs TWEE feite vereis word en ignoreer die res, selfs as dit in 'n paragraafvorm aangebied word.
- Vrae wat langer antwoorde vereis moet as 'n enkele eenheid beskou word. Punte kan toegeken word ongeag van waar dit in die paragraaf voorkom.

AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGE KEUSE**

1.1	B	✓	1
1.2	C	✓	1
1.3	C	✓	1
1.4	B	✓	1
1.5	C	✓	1
1.6	B	✓	1
1.7	D	✓	1
1.8	B	✓	1
1.9	D	✓	1
1.10	B	✓	1
Totaal: [10]			

VRAAG 2: PASITEMS

2.1	P	✓ ADSL	1
2.2	H	✓ roeteerder	1
2.3	C	✓ seksiebreuk	1
2.4	D	✓ Hommeltuig	1
2.5	F	✓ CAPTCHA	1
2.6	M	✓ OR	1
2.7	Q	✓ dienspakket	1
2.8	B	✓ inligtingoorlading	1
2.9	R	✓ sleutelvaslegging	1
2.10	K	✓ akkuraatheid	1
Totaal: [10]			

VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

<i>(Nota aan nasiener:</i>		
<ul style="list-style-type: none"> • <i>By Vraag 3.1, 3.3, en 3.4, moet kandidate die regte term gee, bv. Moederbord, om die punt te verdien.</i> • <u><i>Ken die punt toe indien die korrekte antwoord gegee is sonder die woord ONWAAR.</i></u> • <i>MOENIE die punt toeken indien slegs die woord ONWAAR gegee is sonder die korrekte antwoord NIE).</i> 		
3.1	Onwaar, Vorm ✓ <i>(moenie Tabel aanvaar nie)</i>	1
3.2	Waar ✓	1
3.3	Onwaar, Spam ✓	1
3.4	Waar ✓	1
3.5	Onwaar, Kennis ✓	1
		[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B**VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË**

4.1.1	Grootte van geheue gebruik deur die SVE 64 GB ✓	1	
4.1.2	Nutsprogram AVG/Antivirus ✓	1	
4.1.3	Rede vir die gebruik van Bluetooth in plaas van Wi-Fi Rede: (1) Outomatiese installasie maak koppeling vinniger (2) Twee toestelle is binne kort afstand van mekaar (3) Minder kraggebruik (4) Geen kables/internetkonneksie nodig nie ✓ (Enige een) Voorbeeld: (1) Muis en sleutelbord gekoppel aan die tafelrekenaar (2) Kopstukke gekoppel aan die tafelrekenaar (3) Slimfoon gekoppel aan die tafelrekenaar ✓ (Enige een) <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige voorbeeld verwant aan die tafelrekenaar)</i>	2	
4.1.4	TWEE voordele om 'n 2 TB en 'n 4 TB te hê (1) Vergroot stoorkapasiteit vir lêers, programme en data (2) Skei werklêers en toepassings (3) Verleng die lewe van die SSD- en die HDD-aandrywers ✓✓ (Enige twee)	2	
4.1.5	TWEE aanpasbaarheidsprobleme (1) Eienskappe werk dalk nie reg in die ouer weergawes nie (2) Die lêers mag dalk nie oopmaak in die ouer weergawe nie (3) Die formatering van die lêer sal nie dieselfde wees nie ✓✓ (Enige twee)	2	8

4.7	TWEE beperkings van 'n 3D-drukker (1) Model grootte word beperk deur drukker grootte (2) Nie geskik vir massaproduksie nie/Dit neem lank om items te druk (3) Nie alle items kan geskep/gedruk word nie (4) As die proses onderbreek word moet dit van voor af begin ✓✓ (Enige twee)		2
4.8.	Verduidelik multitaakverwerking Multitaakverwerking laat toe dat 'n bedryfstelsel veelvoudige programme gelyktydig laat werk ✓		1
4.9	Verduidelik toegewyde toestel 'n Toegewyde toestel is ontwerp vir een spesifieke taak ✓		1
4.10.1	TWEE redes waarom QR-kodes voordelig is vir maatskappye (1) QR-kodes gee vinniger toegang tot die webtuiste (2) Minder foute word gemaak om toegang tot webtuiste te kry (3) Kan inligting bevat bv. kontakbesonderhede ✓✓ (Enige twee)	2	
4.10.2	TWEE beperkinge vir klante met gebruik van QR-kodes (1) Klante benodig slimfoon met werkende kamera (2) Klante moet internetkonneksie hê (3) Sommige fone mag 'n spesiale toep benodig om QR-kodes te skandeer (4) Sommige klante mag dalk nie verstaan hoe QR-kodes werk nie ✓✓ (Enige twee)	2	4
			[25]

VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

<p>5.1</p>	<p>TWEE toestelle buiten rekenaars wat gedeel kan word</p> <p>(1) Drukker/multifunksietoestel (2) Roeteerder/draadlose toegangspunte/Internet toegangspunt (3) Stoortoestelle/Eksterne hardeskyf (4) Fotokopieerder (5) Skandeerder</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		<p>2</p>								
<p>5.2</p>	<p>TWEE verskille tussen 'n intranet en die internet</p> <table border="1" data-bbox="316 685 1230 837"> <thead> <tr> <th>Intranet</th> <th>Internet</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Private netwerk</td> <td>Openbare netwerk</td> </tr> <tr> <td>Klein-skaal netwerk</td> <td>Globale netwerk</td> </tr> <tr> <td>Beperkte toegang vir slegs lede</td> <td>Ope toegang vir almal</td> </tr> </tbody> </table> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Punte kan nie toegeken word aan twee antwoorde in dieselfde ry nie)</i></p>	Intranet	Internet	Private netwerk	Openbare netwerk	Klein-skaal netwerk	Globale netwerk	Beperkte toegang vir slegs lede	Ope toegang vir almal		<p>2</p>
Intranet	Internet										
Private netwerk	Openbare netwerk										
Klein-skaal netwerk	Globale netwerk										
Beperkte toegang vir slegs lede	Ope toegang vir almal										
<p>5.3</p>	<p>TWEE maniere hoe veseloptiese netwerke dataoordrag spoed verbeter</p> <p>(1) Lig gebaseerde dataoordrag laat vinniger data spoed toe (2) Hoër bandwydte kapasiteit dra meer data gelyktydig (3) Minimale sein verlies vir meer betroubare oordrag (4) Immun teen elektromagnetiese steuring wat konstante spoed verseker</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		<p>2</p>								
<p>5.4</p>	<p>TWEE regering internet dienste</p> <p>(1) Inligting oor onderwys/gesondheid/justisie ens. (2) Lisensie hernuwing (3) Verkiesing inligting (4) Binnelandse sake (5) Belasting opgawes/E-filing</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		<p>2</p>								
<p>5.5</p>	<p>EEN rede vir die gebruik van die 'Bookmark'-eienskap</p> <p>Vinnige toegang tot webtuistes ✓</p>		<p>1</p>								
<p>5.6.1</p>	<p>Waarom Bcc in plaas van Cc in 'n e-pos gebruik</p> <p>Sodat ander gebruikers nie kan sien na wie die e-pos gestuur is nie ✓</p>	<p>1</p>									

5.6.2	<p>Rede om e-pos aan te stuur i.p.v. te beantwoord</p> <p>(1) Die persoon is nie op die oorspronklike ontvangerslys nie (2) Om die aanhegels in te sluit</p> <p style="text-align: right;">✓(Enige een)</p>	1											
5.6.3	<p>TWEE redes om 'n webgebaseerde e-pos stelsel te gebruik</p> <p>(1) Toeganklik vanaf enige plek (2) Integreer met ander wolk-dienste en produktiwiteit hulpmiddels (3) Outomatiese aanlyn rugsteun (4) Outomatiese opdaterings en opgraderings word deur diensverskaffer hanteer (5) Kan toegang verkry vanaf verskillende toestelle en platforms</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	4										
5.7	<p>TWEE verskille tussen 'n videosending en intydse stroming</p> <table border="1" data-bbox="316 902 1230 1205"> <thead> <tr> <th data-bbox="316 902 730 943">Videosending</th> <th data-bbox="730 902 1230 943">Intydse stroming</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td data-bbox="316 943 730 1014">Voorafopgeneemde episodes</td> <td data-bbox="730 943 1230 1014">Lewende uitsending</td> </tr> <tr> <td data-bbox="316 1014 730 1055">Kan enige tyd daarna kyk</td> <td data-bbox="730 1014 1230 1055">Kyk terwyl dit gebeur</td> </tr> <tr> <td data-bbox="316 1055 730 1126">Beperkte of geen interaksie nie</td> <td data-bbox="730 1055 1230 1126">Lewendige interaksie</td> </tr> <tr> <td data-bbox="316 1126 730 1205">Toeganklik enige plek of tyd</td> <td data-bbox="730 1126 1230 1205">Kykers ervaar gebeure gelyktydig</td> </tr> </tbody> </table> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Punte kan nie toegeken word aan twee antwoorde in dieselfde ry nie)</i></p>	Videosending	Intydse stroming	Voorafopgeneemde episodes	Lewende uitsending	Kan enige tyd daarna kyk	Kyk terwyl dit gebeur	Beperkte of geen interaksie nie	Lewendige interaksie	Toeganklik enige plek of tyd	Kykers ervaar gebeure gelyktydig		2
Videosending	Intydse stroming												
Voorafopgeneemde episodes	Lewende uitsending												
Kan enige tyd daarna kyk	Kyk terwyl dit gebeur												
Beperkte of geen interaksie nie	Lewendige interaksie												
Toeganklik enige plek of tyd	Kykers ervaar gebeure gelyktydig												
			[15]										

VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

6.1	Fokusvraag 'n Vraag wat leiding en duidelikheid vir navorsing gee ✓		1
6.2	EEN bron buiten gedrukte media tydens insameling van data (1) Onderhoude (2) Vraelyste/Opnames (3) Elektroniese-media (webblaaie, e-boeke, aanlyn-tydskrifte/koerante) ✓ (Enige een)		1
6.3	Definisie van plagiaat Plagiaat verwys na die gebeure waar iemand anders se werk, idees of inligting gebruik word ✓ sonder om gepaste krediet te gee ✓		2
6.4	TWEE maniere vir gebruik van databasis om data te analiseer en te verwerk (1) Navrae/Verslae (2) Totale (Funksies/Formules) (3) Sortering (4) Filtreering (5) Voorwaardelike formatering ✓✓ (Enige twee)		2
6.5.1	TWEE maniere om partydigheid te vermy wanneer vrae gevra word (1) Vermy vrae wat lei tot spesifieke antwoorde (2) Vra vrae neutraal/Gebruik duidelike taal (3) Stel vrae as enkel konsep om dubbel vrae te vermy/moenie twee vrae in een vra nie (4) Maak seker dat die inligting van wye verskeidenheid mense/groepe/bronne ingesamel word ✓✓ (Enige twee)	2	
6.5.2	TWEE maniere om vraag: 'How many' vir analise te gebruik (1) Verskaf numeriese data vir gebruik in berekenings (2) Numeriese data word gebruik in grafieke (3) Om tendense en patrone in die data te verskaf ✓✓ (Enige twee)	2	4
			[10]

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1	<p>EEN manier om verantwoordelik van rekenaartoevoegingstechnologie ontslae te raak</p> <p>(1) E-rommel herwinnings sentrum (2) Skenk die toestel/Verkoop/Ruil in (3) Hergebruik sekere rekenaar dele</p> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
7.2	<p>TWEE negatiewe effekte van IKT op mense</p> <p>Fisiese gesondheid: (1) Vermeerder vetsug (2) Veroorsaak toestande soos HOB (RSI) (3) Lang ure voor skerms kan oogstremming en slaap versteurings veroorsaak</p> <p>Geestelike en emosionele gesondheid: (1) Oormatige gebruik kan lei tot tegnologie verslawing (2) Kan spanning/angstigheids en vrees van uitmis veroorsaak (3) Kan blootgestel word aan kuberboelie/aanlyn teistering (4) Verminder vermoë om aandag te gee aan gereelde kennisgewings</p> <p>Sosiale en verhouding invloed: (1) Verminder aangesig tot aangesig interaksie en sosiale verbindings (2) Isolasië en eensaamheid (3) Skep 'n verwarring tussen persoonlike en professionele lewe</p> <p>Effekte op ontwikkeling: (1) Verminder kritiese denke en geheue (2) Sosiale media kan akademiese/werkprestasië beïnvloed</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
7.3	<p>Voorkoming van herhalende ooreisingsbeserings</p> <p>(1) Gebruik 'n ergonomiese/gemaklike sleutelbord (2) Gebruik 'n palm/gewrig rus (3) Behou goeie postuur/neem gereelde breuke</p> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
7.4	<p>TWEE maniere hoe werknemers deur telependel bevoordeel word</p> <p>(1) Werknemers kan meer buigbare ure werk (2) Spaar op vervoerkoste en geskikte klere vir werkomgewings (3) Mors nie tyd om na werk te reis nie (4) Potensieel minder afleidings as in 'n formele kantoor/potensieel groter produktiwiteit.</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	3

7.5	<p>TWEE redes waarom opdatering van sagteware voordelig is</p> <p>(1) Nuwe funksies/eienskappe kan bygevoeg word (2) Bestaande sekuriteit kan reggestel word (3) Programmering foute kan reggestel word (4) Voorkom aanpasbaarheidsprobleme</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
7.6	<p>EEN voordeel en EEN nadeel vir die gebruik van kriptogeldeenheid</p> <p>Voordele: (1) Betalings kan enige plek in die wêreld gemaak word (2) Veilige betalingsmetode (3) Meer besighede gebruik kriptogeldeenheid</p> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p> <p>Nadele: (1) Maak anonieme betalings/Kan nie die betaling naspoor nie (2) Betalings kan vir misdadige aktiwiteite gebruik word</p> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		2
			[10]

VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING

8.1	Verslag-eienskap om inligting per kategorie te vertoon Grouping ✓		1
8.2	Waarom Lookup Wizard in databasistabel gebruik Om lys opsies te skep waaruit die gebruiker kan kies ✓ /Die gebruiker kan kies vanuit 'n vooropgestelde lys		1
8.3	Woordverwerkings-eienskap vir navigasie in dieselfde dokument (1) Find (2) Go To/Bookmark (3) Hyperlink (4) Cross-reference ✓✓ (Enige twee)		2
8.4	TWEE redes vir die gebruik van gekoppelde objekte in woordverwerkingsdokument (1) Gee vinnige toegang tot die dokument om te redigeer (2) Opdateer outomaties die nuwe veranderinge in die dokument (3) Die gekoppelde objek sal oopmaak in die program waarin dit geskep was ✓✓ (Enige twee)		2
8.5	Rede vir foutboodskap Die foutboodskap verskyn wanneer jy 'n funksie/formule insleutel wat na die selreeks verwys wat dieselfde is as die sel waarin die funksie/formule ingevoer is ✓		1
8.6	Verduidelik die gebruik van True en False in die Opsoekreeks True vind die naaste waarde aan die opsoek waarde ✓ False vind die presiese waarde van die opsoek waarde ✓		2
8.7.1	TWEE ontbrekende merkers (1) Bold merker: operating hours: OF Heading merker (2) Horisontale lyne: <hr/> (3) Lys oopmaak merker: (4) Body toemaak merker: </body> ✓✓ (Enige twee)		2

8.7.2	DRIE redes waarom prent wat nie vertoon nie (1) Prent is nie in dieselfde plek as lêer gestoor nie ✓ (2) Die lêeruitbreiding is verkeerd ✓ (3) Naam van die prent is verkeerd ✓	3	
8.7.3	Attribuut om in te sluit sodat 'The Zoo' sal vertoon as prent nie vertoon nie <alt> attribuut ✓	1	6
			[15]

TOTAAL AFDELING B: 75

AFDELING C

VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

<p>9.1.1</p>	<p>Identifiseer en verduidelik EEN manier kandidate IKT kan gebruik om veldtog te bevorder</p> <table border="1" data-bbox="312 472 1222 958"> <thead> <tr> <th data-bbox="312 472 616 510">IKT</th> <th data-bbox="616 472 1222 510">Verduideliking</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td data-bbox="312 510 616 584">(1) Sosiale media</td> <td data-bbox="616 510 1222 584">(1) Moontlik om groot groep leerders te bereik</td> </tr> <tr> <td data-bbox="312 584 616 696">(2) Aanbieding Sagteware</td> <td data-bbox="616 584 1222 696">(2) Gebruik aanbieding sagteware tydens saalbyeenkomste/pouses/byeenkomste</td> </tr> <tr> <td data-bbox="312 696 616 770">(3) Webtuiste/Blog</td> <td data-bbox="616 696 1222 770">(3) Skep 'n webtuiste/blog om persoonlike inligting/manifes te deel</td> </tr> <tr> <td data-bbox="312 770 616 844">(4) Video-konferensie</td> <td data-bbox="616 770 1222 844">(4) Gebruik aanlyn vrae en antwoord sessies om by kiesers in te skakel</td> </tr> <tr> <td data-bbox="312 844 616 958">(5) QR-kodes</td> <td data-bbox="616 844 1222 958">(5) Gebruik QR-kodes om maklike toegang tot hulle webtuistes/blog/sosiale media te verskaf</td> </tr> </tbody> </table> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een IKT) ✓ (Enige een verduideliking)</p> <p><i>(Nota aan nasiener:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Aanvaar slegs een voorbeeld van IKT</i> • <i>Verduideliking moet verwant wees aan IKT</i> • <i>Aanvaar enige geldige verduideliking wat goed verduidelik is)</i> 	IKT	Verduideliking	(1) Sosiale media	(1) Moontlik om groot groep leerders te bereik	(2) Aanbieding Sagteware	(2) Gebruik aanbieding sagteware tydens saalbyeenkomste/pouses/byeenkomste	(3) Webtuiste/Blog	(3) Skep 'n webtuiste/blog om persoonlike inligting/manifes te deel	(4) Video-konferensie	(4) Gebruik aanlyn vrae en antwoord sessies om by kiesers in te skakel	(5) QR-kodes	(5) Gebruik QR-kodes om maklike toegang tot hulle webtuistes/blog/sosiale media te verskaf	<p>2</p>	
IKT	Verduideliking														
(1) Sosiale media	(1) Moontlik om groot groep leerders te bereik														
(2) Aanbieding Sagteware	(2) Gebruik aanbieding sagteware tydens saalbyeenkomste/pouses/byeenkomste														
(3) Webtuiste/Blog	(3) Skep 'n webtuiste/blog om persoonlike inligting/manifes te deel														
(4) Video-konferensie	(4) Gebruik aanlyn vrae en antwoord sessies om by kiesers in te skakel														
(5) QR-kodes	(5) Gebruik QR-kodes om maklike toegang tot hulle webtuistes/blog/sosiale media te verskaf														
<p>9.1.2</p>	<p>TWEE maniere om nie slagoffer van sosiale manipulasie te wees nie</p> <p>(1) Moenie persoonlike inligting deel nie (b.v. ID nommer, huisadres)/Moenie persoonlike inligting op sosiale media deel nie.</p> <p>(2) Moenie versoeke van onbekende mense aanvaar nie</p> <p>(3) Moenie lêers van onbekende bronne oopmaak nie/ Moenie enige sagteware vanaf onbekende bron aflaai nie</p> <p>(4) Moenie onveilige webtuistes besoek nie</p> <p>(5) Deel slegs veldtog verwante fotos</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	<p>2</p>													
<p>9.1.3</p>	<p>Konsep van digitale voetspoor</p> <p>Konsep: Die spoor van data wat agter gelaat word deur die kandidaat se veldtog se aanlyn aktiwiteite ✓</p> <p>Impak: Die kandidate se reputasie (kuberprofiel) en toekomstige geleentheid kan positief of negatief geaffekteer word ✓</p>	<p>2</p>	<p>6</p>												

<p>9.2.1</p>	<p>TWEE voordele van elektroniese verkiesings stelsel</p> <p>(1) Verbeterde toeganklikheid en gemak vir kiesers (2) Vinniger berekening en verslaggewing van resultate (3) Meer omgewingsvriendelik want dit benodig nie papier stembriewe nie (4) Meer akkuraat – verminder menslike foute</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	<p>2</p>											
<p>9.2.2</p>	<p>Toeganklikheid vir elektroniese stem vir gestremdes</p> <p>(1) Verskaf 'n assistent vir kiesers met fisiese gebreke (2) Verskaf spesifieke assiserende toestelle (bv. 'sip-and-puff', oogbeweging, spraak-na-teks, Braille-sleutelbord, voetbeheerde muis, kopbeheerde wyser) (3) Maak seker die elektroniese verkiesing stelsel is aanpasbaar met oudio en visuele assisering soos skermlesers, oudiostembriewe, en hoë-kontras-koppelvlakke</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	<p>2</p>											
<p>9.2.3</p>	<p>EEN hardeware probleem en EEN oplossing</p> <table border="1" data-bbox="312 1010 1222 1641"> <thead> <tr> <th data-bbox="312 1010 663 1048">Probleem</th> <th data-bbox="663 1010 1222 1048">Oplossing</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td data-bbox="312 1048 663 1160">(1) Moeilik om op te stel</td> <td data-bbox="663 1048 1222 1160">(1) Kundiges nodig om op te stel/Personeel het opleiding nodig om die stelsel op te stel</td> </tr> <tr> <td data-bbox="312 1160 663 1346">(2) Internet-konnektiwiteits-probleme</td> <td data-bbox="663 1160 1222 1346">(2) Maak seker die skool het 'n betroubare internet konneksie/Hou rugsteun opsies (soos mobiele kitstoegangspunte) gereed.</td> </tr> <tr> <td data-bbox="312 1346 663 1491">(3) Stelsel-ineenstorting</td> <td data-bbox="663 1346 1222 1491">(3) Toets die stelsel voor gebruik/Hou IT ondersteuning beskikbaar om ineensstorting vinnig reg te maak</td> </tr> <tr> <td data-bbox="312 1491 663 1641">(4) Kragonderbreking tydens stemmery</td> <td data-bbox="663 1491 1222 1641">(4) Gebruik 'n ononderbroke krag toevoer (OKT ('UPS')) om aftyd te voorkom/Maak rugsteun kragtoevoer planne.</td> </tr> </tbody> </table> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een probleem) ✓ (Enige een oplossing)</p> <p>(Nota aan nasiener:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aanvaar slegs een hardeware probleem • Oplossings moet aan probleem verwant wees • Aanvaar enige geldige oplossing wat goed verduidelik is) 	Probleem	Oplossing	(1) Moeilik om op te stel	(1) Kundiges nodig om op te stel/Personeel het opleiding nodig om die stelsel op te stel	(2) Internet-konnektiwiteits-probleme	(2) Maak seker die skool het 'n betroubare internet konneksie/Hou rugsteun opsies (soos mobiele kitstoegangspunte) gereed.	(3) Stelsel-ineenstorting	(3) Toets die stelsel voor gebruik/Hou IT ondersteuning beskikbaar om ineensstorting vinnig reg te maak	(4) Kragonderbreking tydens stemmery	(4) Gebruik 'n ononderbroke krag toevoer (OKT ('UPS')) om aftyd te voorkom/Maak rugsteun kragtoevoer planne.	<p>2</p>	<p>6</p>
Probleem	Oplossing												
(1) Moeilik om op te stel	(1) Kundiges nodig om op te stel/Personeel het opleiding nodig om die stelsel op te stel												
(2) Internet-konnektiwiteits-probleme	(2) Maak seker die skool het 'n betroubare internet konneksie/Hou rugsteun opsies (soos mobiele kitstoegangspunte) gereed.												
(3) Stelsel-ineenstorting	(3) Toets die stelsel voor gebruik/Hou IT ondersteuning beskikbaar om ineensstorting vinnig reg te maak												
(4) Kragonderbreking tydens stemmery	(4) Gebruik 'n ononderbroke krag toevoer (OKT ('UPS')) om aftyd te voorkom/Maak rugsteun kragtoevoer planne.												

9.3	<p>TWEE maniere om netwerk sekuriteit te verbeter</p> <p>(1) Gebruik enkripsie/Sterk wagwoord (2) Toegangskontrolle (3) Netskans</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
9.4	<p>TWEE IKT-verwante werke</p> <p>(1) Data analise – om die verkiesing se data en uitslae te analiseer (2) Web ontwerper – om die skool se webtuiste te ontwerp en te onderhou om die uitslae aan te kondig (3) Netwerk administrateur – om seker te maak die skool se netwerk infrastruktuur in veilig en betroubaar (4) Tegnikus – tegniese ondersteuning vir toestelle</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige werk verwante antwoorde gekoppel aan die scenario)</i></p>		2
9.5.1	<p>Eienskap instelling op Learner Code-veld</p> <p>(1) Primary Key (2) Index Duplicate - No (3) Index Duplicate - Yes (No duplicates)</p> <p style="text-align: right;">✓(Enige een)</p>	1	
9.5.2	<p>Kontrolle gebruik vir die Name- en Surname-velde</p> <p>List box/Combo Box ✓</p> <p>Motivering: Vertoon al die kandidate se name/meer akkuraat ✓</p>	2	
9.5.3	<p>Validation rule for Position field</p> <p>"C" Or "S" Or "T"</p> <p>(1) Korrekte karakters in aanhalings ✓ (2) Or ✓</p>	2	5
9.6.1	<p>Sigblad-eienskap om totaal per kandidaat te kry</p> <p>SUBTOTAL ✓</p>	1	
9.6.2	<p>EEN rede om grafiek vir terugvoer te gebruik</p> <p>(1) Duideliker/makliker om uitslae te verstaan (2) Verbeter visuele kommunikasie (3) Beklemtoon sleutel insigte (4) Vinnige/Maklike vergelyking (5) Makliker om tendense raak te sien</p> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	2

9.7	<i>TWEE faktore om te oorweeg vir uitleg van webblad ontwerp</i> (1) Die blad moet maklik navigeer met duidelik opskrifte (2) Die teks moet leesbaar wees op verskillende toestelle (3) Die blad moet oor eenvormige formatering en ontwerp beskik (4) Nie te veel kleure nie, genoeg wit spasies ✓✓ (Enige twee) <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige relevante antwoord verwant aan die scenario)</i>		2
			[25]

VRAAG 10: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

10.1.1	<p>TWEE ander toevoertoestelle i.p.v. strepieskodeleser</p> <p>(1) Sleutelbord (2) Muis (3) Raakskerm</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
10.1.2	<p>TWEE probleemoplossings metodes om te bepaal waarom strepieskode nie skandeer nie</p> <p>(1) Kontroleer of die strepieskode leser gekonnekteer/ingeprop is/se Bluetooth aan is (2) Kontroleer of die koord beskadig is (3) Kontroleer of iets die ligsensor blokkeer (4) Stel vas of die aandrywerprogram geïnstalleer is (5) Herlaai om te kontroleer of die aandrywer reg werk</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	4
10.2.1	<p>Term 'capped'</p> <p>'Capped' verwys na die limiet van data beskikbaar ✓ aan die gebruiker gedurende 'n spesifieke periode ✓</p>	2	
10.2.2	<p>TWEE maniere om beperkte stoorspasie probleem op te los</p> <p>(1) Verwyder onnodige programme/lêers (2) Verwyder duplikaat lêers (3) Skuif/Argiveer ongebruikte/groot lêers na 'n ander stoortoestel/wolk (4) Verwyder tydelike/gebergte lêers (5) Maak herwiningsdrom ('bin') leeg/Verwyder uitgewiste lêers, bv. foto's (6) Verminder virtuele geheue lêers</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	4
10.3	<p>TWEE probleme wat klante mag ervaar by gebruik van kitstoegangspunt ('hotspot')</p> <p>(1) Sein verlies/steuering (2) Tekort aan sekuriteit/Ongemagtigde gebruikers (3) Reikafstand mag beperk wees (4) Data oordragspoed kan soms stadig wees</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2

10.4.1	<p>TWEE redes vir outomatiese rugsteun</p> <p>(1) Geen gebruikerinsette nodig vir rugsteun nie (2) Werknemers mag vergeet om dit met die hand te doen (3) Spaar tyd want dit is geskeduleer/verseker rugsteun altyd/gereeld/betyds gedoen (4) Tyd/skeduleer rugsteun wanneer rekenaars nie in gebruik is nie</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p>(Nota aan nasiener: MOENIE redes aanvaar vir rugsteun wat NIE outomaties is nie.)</p>	2	
10.4.2	<p>TWEE riglyne om te oorweeg vir rugsteun gemaak</p> <p>(1) Hou rugsteun op ander perseel (2) Gebruik meer as een stoormedium (3) Kontroleer dat rugsteun gebruik kan word om data te herstel (4) Rugsteun slegs nuwe of veranderde lêers (5) Gebruik duidelike lêerstrukture/etikette/betekenisvolle name (6) Sluit sagteware/toep lêers uit (7) Sluit sekere lêertipes soos foto's en video's uit</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	4
10.5	<p>TWEE voordele van videokonferensies</p> <p>(1) Nie beperk tot een plek nie (2) Nie nodig om te reis nie (3) Vergaderings kan opgeneem/hergebruik word (4) Vergaderings kan geskryf/opgesom word (5) Outomatiese teenwoordigheidsregister</p> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
10.6.1	<p>Eienskap gebruik in sel A1</p> <p>Merge and centre ✓</p>	1	
10.6.2	<p>Rede waarom formule verkeerd is en oplossing</p> <p>Rede: Die formule in F17 sluit nie al die relevante selle in nie ✓</p> <p>Oplossing: =SUM(F14:F16) ✓</p>	2	
10.6.3	<p>Funksie om datum te bepaal</p> <p>=DATE(YEAR(B10),MONTH(B10),DAY(B10)+7)✓</p>	1	4

10.7.1	Drukker werk outomaties Plug-and-Play ✓	1	
10.7.2	Maniere om ink te spaar (1) Druk in 'draft' modus of 'economical' modus (2) Verander druk resolusie (3) Druk slegs kwitansies wanneer nodig (4) Gebruik ink besparing sagteware ✓✓ (Enige twee)	2	3
10.8	TWEE moontlike uitleg probleme (1) Nie genoeg spasie vir die naam nie (2) Nie genoeg blokkies vir die kontaknommer nie (3) Naam en van moet saam verskyn (4) Té veel spasie vir die datum ✓✓ (Enige twee)		2
			[25]

TOTAAL AFDELING C: 50

GROOTTOTAAL: 150